



TOULEIER



Dit wemel van Boertjies op die Queen Mary 2

Voor ek verder skerts oor my en kamermaatjie se ervaringe op die QM II, moet ek net eers gou melding maak van Onsdorp se splinternuwe verbintenis met **TUNA RADIO.NET**, al die pad van daar onder in Nieu-Seeland!

Pieter Labuschagne, wat al jare 'n **Kammanuus**leser is, en sy maat Deon Van der Heyde bedryf hierdie internet-radiostasie wat 24/7 op die lug is. Sondae om 07:00 SA tyd het hulle ook 'n godsdienstige program en die res van die tyd baie musiek en onderhoude met mense reg oor die wêreld. So het hulle byvoorbeeld onlangs 'n interessante geselsie met twee lede van die Grafsteensangers gehad.

Ek sal later 'n aparte Laslappie uitstuur met meer oor Tuna Radio.net, maar gaan intussen gou na www.onsdorp.com en klik op hulle banier daar en luister lekker na hulle terwyl jy jou **Kammanuus** lees.

Terug by die boot. Na die nodige papierlose intekeningprosedure aan wal, is die rooi tapyt is letterlik en figuurlik uitgerol soos jy aan boord stap. Elke passasiersgroepie moet eers poseer vir 'n verwelkomingsfoto wat dan later deel vorm van fotoalbum op kompakte skyf wat hulle jou aanbied met die aan wal stap na jou onvergeetlike reis.

Op die spieëltafel voor die platskerm TV staan en wag 'n bottel sjampanje in 'n emmertjie ys met 'n kaartjie wat ons voorstel aan ons toegewysde kajuitknaap vir die hele seevaart, ene Denys van die Filippyne. Ek reken hierdie nasie maak die grootste gedeelte van die skip se bemanning uit.

Maar moenie die Suid Afrikaners weggooi nie, hulle kom in 'n gemaklike tweede posisie in, en selfs op ons laaste dag in Doebai het ons nog een SANertjie ontmoet wat op die skip werk.

Die tweede in bevel van vermaaklikheid is 'n boerseun, ene Nico affie Kaap af. Hy het eers by die Mount Nelson hotel gewerk voor hy hom by Cunard aangesluit het.

Die oorgrote meerderheid meisies in die gesondheidspa waar ons gevroetel en gevryf is, is ook van Suid Afrika. So werk ons Suiderland se kinders in omtrent alle afdelings van hierdie groot boot. Van die snoepwinkel tot by die fotosentrum en selfs by die hoofontvangs is daar twee oulike jong manne wat vinnig oorslaan na Afrikaans wanneer ons nader staan. Dit was seker net so lekker vir hulle om ons veertien SA gaste so bietjie ekstra te bederf as wat dit vir ons was om met hulle in Afrikaans te kon skinder.

Die Queen Mary het twee en sestig kokke aan boord wat vyftienduisend maaltye per dag voorberei. Hulle vertel my dat daar vir ons vyf ton biefstuk opgelaai is in Southampton. Iets soos 24,000 eiers. Maar alles gaan darem nie net oor eet en drink nie.

Die eerste aand steek ons die rowwe baai van Biskaje teen 23 knope oor en beweeg al suid langs die kus van Portugal af. Hier, in die Atlantiese oseaan, was die see die rofste van die hele rit.

Die golwe en etlike meter hoë deininge het egter verniet probeer om vir die uwe naar te maak. Die skip se kragtige stabiliseerders het gesorg dat ons net sagkens heen en weer gewieg word in ons dubbele beddens met ons diep donssagte kussings. Ai, mens slaap darem lekker op so 'n groot boot. Die volgende nag het ons by die rots van Gibraltar verby gevaar en toe weer noord gedraai om te mik vir Barcelona, die eerste hawe waar ons sou aandoen.

Groete

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur



WENKE:
Maxine
weet beter!

KENNER:

Raad vir kopseer.

Sny 'n lemmetjie middeldeur en vryf dit aan jou voorkop. Jou hoofpyn sal verdwyn.

MAXINE:

Vat 'n lemmetjie, meng dit met tequila, verkoel dit en drink dit. Al jou pyne sal verdwyn.

KENNER

Moenie oorskietwyn weggooi nie. Vries dit in ysblokkies vir toekomstige gebruik in 'n kasserol of sous.

MAXINE

Oorskietwyn? Wat jy waar kry?
Hallooo?

Die herkoms van ons gesegdes (1)

B

Berde: Te berde bring (iets opper vir bespreking)

Die ou betekenis van berd is "bord, plank, tafel" – om iets dus te berde te bring, is om dit na die tafel te bring, figuurlik om daarna te kyk en te bespreek. Vandag sê ons ook dat iets ter tafel gelê word.

Bewimpel: 'n Saak bewimpel (nie reguit met die waarheid uitkom nie).

Die woord wimpel se betekenis reeds ongeveer 700 jaar gelede in Middel-nederlands was eerstens "sluier, doek" (en dan onder andere ook "vlag"). Bewimpel het dus "versluier, met doeke omgedraai" beteken.

Middel-nederlands is die Nederlands wat ongeveer tussen 110 en 1500 n.C. gepraat is.)

Kyk waar jy plak!



VYF REÛLS VIR DIE LEWE


1. Geld kan nie geluk koop nie, maar dis geriefliker om in 'n BMW te huil as op jou fiets.
2. Vergewe jou vyande, maar onthou hul name.
3. As jy iemand help wat in die moeilikheid is, sal hy van jou onthou as hy weer in die knyp is.
4. Baie mense leef slegs omdat dit verbode is om hulle te skiet.
5. Alkohol los geen probleme op nie. Melk ook nie.

MANS

- Wat het die Skepper gesê nadat hy die man gemaak het?
"Ek kan soveel beter doen."
- Wat gee jy 'n man wat reeds alles het?
'n Vrou wat hom kan wys hoe dit werk.
- Hoekom het mans kykweers nodig as hulle sport op TV kyk?
Want hulle vergeet binne 30 sekondes wat hulle gesien het.

Verveeld by die werk?

Al wat jy nodig het, is 'n potlood, 'n vel papier, 'n paar dooie vlieë op jou vensterbank en verbeelding.



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

SPESIALE DUIM

'n Swaar vragmotor ry teen die boer se bakkie vas. Niemand het baie seer gekry nie, maar die boer se vrou se duim is af. Sy eis 'n miljoen rand by die versekering.

Die assessor maak beswaar: "Mevrou, jy kan nie so 'n ontsettende groot eis instel vir die verlies van net een vinger nie."

"Jy verstaan nie," antwoord sy. "Dis geen gewone duim nie. Dis die duim waaronder ek my man gehou het."

WEDERHELP

'n Wederhelp is iemand wat by jou staan deur al die moeilike tye wat jy nie sou gehad het nie as jy ongetroud gebly het.



Eisj! Ons weet mos almal Mazda-bakkies is gemors!

SLIM NON

Die man het buite 'n kroeg sit en drink toe 'n non verby loop en hom begin vertel van die euwels van alkohol.

Die man het haar só gekyk, en vra toe:

"Suster," vra hy, "het jy al ooit alkohol geproe?"

"Natuurlik nie," antwoord sy ontsteld.

"Wel, hoe weet jy dis boos? Miskien moet jy dit minstens proe voor jy dit verdoem. Laat ek vir jou 'n drankie koop, en dan kyk ons of ek jou altemit van opinie kan laat verander."

"Nee," sê sy. "Ek moet nie gesien word waar ek buite 'n kroeg alkohol inneem nie. Maar jy kan vir my 'n sopie in 'n teekoppie bring, en ek sal dalk daaraan proe."

Die man stap toe die kroeg binne, bestel 'n bier en 'n vodka, en vra die kroegman om die vodka in 'n teekoppie te skink.

"Wat?" sê die kroegman. "Is daai blierie non al weer hier?"

SONDAGKOERANT

Oom Koos loop by sy apteek in en haal 'n botteltjie vloeistof en 'n teelepel uit sy sak. Hy gooi 'n bietjie in die teelepel en vra die apteker om te proe.

Die apteker neem die lepelvol in sy mond, spoel dit so bietjie rond en sluk dit in. Dit smaak baie sleg.

Oom Koos vra of dit soet smaak. "Glad nie!" antwoord die apteker en trek 'n gesig.

"Wat 'n verligting," antwoord Oom Koos. "Die dokter het my gestuur om my urine hier te kom toets vir suiker."

Meer geld maak jou nie gelukkiger nie. Ek het \$50 miljoen, maar ek is net so gelukkig as toe ek \$48 miljoen gehad het.
~ Arnold Schwarzenegger

ANDY CAPP – deur Smythe





MAMMAS

Antwoorde gegee deur Graad 2 outjies

Hoekom het die Here Mammagemaak?

1. Sy is die enigste een wat weet waar is die Sellotape en Prestick.
2. Sy moet eintlik net die huis skoon hou.
3. Sy moet ons uithelp as ons gebore word.
4. Want anders sal Pappa nooit kinders gehad het nie.
5. Sy moet ons gebore.

Hoe het die Here Mammagemaak?

1. Hy het grond gebruik net soos met almal van ons.
2. Hy het bonatuurlike kragte en baie tou.
3. Die Here het my ma gemaak net soos vir my. Hy het net groter goed soos kop, arms en bene en goeters gebruik.

Van watter bestandele is Mammagemaak?

- 1.. Die Here het Mammagemaak uit wolke, engeltjie vlerkies en hare en baie ander lekker goed in die wêreld. Maar ook 'n klein bietjie lelik want sy is partykeers kwaai.
2. Hulle het begin om mammagemaak van mans se bene, maar ek dink hulle het toe maar liever 'n klomp tou en lyn gebruik.

Hoekom het jy JOU Mamma gekry en nie sommer enige ander mamma nie?

1. Ons is familie.
2. Die Here het geweet sy hou meer van my as ander kinders se ma's.
3. Want wat sou my Mamma sonder my gemaak het
4. Want dan sou haar hart sonder 'n punt gewees het.

Toe jou Mamma klein was, watter soort dogtertjie was sy?

1. My Mamma was altyd net my mamma en niks van daardie ander goed nie.
2. Ek weet nie want ek was nie daar nie. Maar ek dink sy was nogal baie baasspelerig.
3. Hulle sê sy was baie gaaf en lief.
4. Sy was altyd van die begin af my Mamma en nie 'n dogtertjie nie.

Voordat sy met jou pa kon trou, wat moes sy van hom weet?

1. Sy van.
2. Sy moes weet van sy agtergrond. Lyk hy soos 'n skelm? Word hy dronk as hy bier drink?
3. Maak hy baaije geld in 'n maand? Sal hy vir haar ook van sy geld gee?
4. Sy moet weet of hy JA of NEE gesê het vir drugs. Ook of hy JA of NEE sê vir los werkies soos huiswerk.
5. Sal hy vir haar baie presente koop en blomme en ringe en neklisse en oorbelle want Mammagemaak hou baie daarvan.

Hoekom het jou Mamma met JOU Pappa getrou?

1. My Ouma sê sy kan dit nie verstaan nie, my ma het seker nie mooi reguit gedink nie.
2. Pappa se Mamma het hom met 'n slap tou gevang toe moes hy met haar trou want hy kon nie die tou los kry nie.

Wie is die baas in julle huis?

1. Mamma wil nie die baas wees nie, maar sy moet want sy sê my pa is dom-onnosel.
2. Ma is. Jy kan dit sien as sy na my kamer kom kyk. Sy sien al die goed onder die bed raak.
3. Ek dink my ma is die baas. Maar net omdat sy soveel meer goed het om te doen as my pa.

Wat is die verskil tussen ma's en pa's?

1. Mammagemaak werk by die werk en hulle werk by die huis. Pa gaan werk net by die werk en dan kyk hy TV.
2. Mammagemaak weet hoe om met my juffrou te praat sonder om haar bang te maak.
3. Pappa's is groter en sterker maar Mammagemaak is die baas, want jy moet haar vra as jy by 'n maatjie wil gaan oorslaap.
4. Mammagemaak het 'n towerstokkie. Hulle kan jou beter laat voel sonder medisyne.



MAKERIEPAS!

Stories uit die weermag

Harry, die Christen-terroris

Deur LAPPE LAUBSCHER

Nou die aand word dié storie om 'n etenstafel aan my vertel. 'n Groep van my dogter en haar man se vriende, 'n jonger geslag, het my verduidelik hoe hulle die bosoerlog beleef het.

Die oorlog wat ons geslag geglo het ons veg om 'n Christelike beskawing in Suider Afrika te behou.

Chappie het vertel van die avonture 'n gay in die oorlog. Sy eie storie. Die humor en die intense hartseer.

En toe dop hierdie verhaal uit. 'n Ware verhaal. Die verhaal van 'n kapelaan op die grens. Ek gaan hom Sebastiaan noem.

Sebastiaan het gaan teologie swot omdat hy geglo het die Heilige Gees het hom geroep. Aan die einde van sy studies het hy sy oproepinstruksies ontvang. Hy sou as kapelaan twee jaar militêre diensplig moes verrig.

Sebastiaan de Lange was opgewonde oor die geleentheid. Hy sou daar wees om te ondersteun en te bemoedig. Hy sou in die voorste linie met die Bybel onder sy arm wees. So het hy gedroom.

Die werklikheid was anders. Daar was kerkparades. Daar was ook drinkparades. Daar was gewondes wat hy moed moes inpraat. Daar was ook dié wat gesneuwel het. Vir hulle ouers moes hy briewe skryf.

"Jou seun was dapper. Hy was 'n leier en voorbeeld vir sy kamerade. Julle kan trots wees op hom. Hy het sy lewe vir sy land en sy God gegee." Só het hy geskryf.

Sebastiaan het begin wonder oor die betekenis van alles.

En toe een dag toe Sebastiaan nog so lê en wonder, storm 'n medic sonder om te vra sy tent binne.

"Luitenant, daar is 'n terroris onder daai boom daar buite. Ons het hom vodde geskiet, maar hy leef nog. Ek dink hy yl. Hy vra hy wil met 'n predikant praat. 'n Afrikaanse predikant."

Sebastiaan neem instinktief sy Bybel en stap na die boom wat die medic aan hom uitgewys het. Toe hy by die man kom, kniel hy langs hom. Hy besef die terroris is 'n Ovambo.

"My naam is Harry. Ek wou graag help om my land te bevry. Maar nou gaan ek sterf. Ek wil asseblief nog een keer Psalm 23 in Afrikaans hoor," prewel hy.

Sebastiaan lees. " 'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen; Hy lei my in die spore van geregrigheid, om sy naams ontwil. Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my . . ."

Harry sug hard en toe val sy kop terug. Sebastiaan sug. Hy hou op met lees, staan op, loop weg, weg na 'n wêreld waarvan niemand hom ooit van vertel het nie.

Om die tafel sug ons. En drink toe 'n glasie op Harry. Harry die Christen-terroris.

ANERLIKE GESKIEDENIS

Egipteland was bewoon deur mummies en hulle het almal op hulle hero-gleuwe geskryf en vir hulle pappies gewys.

Hulle het in die Sarah-woestyn gewoon en het waterbeurte gehad van die min reën..

Die klimaat was so erg dat al die inwoners op ander plekke gebly het, en net naweke huis toe gekom het om sandkastele te bou. Die boesmans het in hulle tuine gewerk.

VANNERMERWE se eie BOEREMAG

Barack Obama het in sy Withuis-kantoor gesit en wonder watter land hy volgende moet binneval, toe sy foon lui.

"Hoezit, Barack," het 'n stem in gebroke Engels gesê. "Dis Koos Vannermerwe in die Doringboom Bar in Welkom, Suid-Afrika. Ek bel jou net om te sê ons het teen jou oorlog verklaar, Boet. Jy moet jou gat in rat kry!"

"Wel, Koos," het Obama geantwoord, "dis groot nuus! Hoe groot is jou weermag?"

"Soos ons hier sit, is dit ek, my neef Jan, my buurman Lang Hannes en die kroeg se hele pyltjiespan. Altesaam agt."

Obama het 'n oomblik gehuiwer, en antwoord: "Koos, ek moet jou sê: Ek het 'n miljoen soldate wat net op my bevel wag."

"Blikkiesfontein!" sê Koos. "Ek moet jou terugbel."

Die volgende dag bel Koos weer. "Barack, ou china, die oorlog is nog aan. Ons het infanterietoerusting gekry."

"Watse toerusting, Koos?"

"Wel, ons het vier dubbelkajuit HiLux-bakkies, twee kombi's, 'n ou Case kruiptrekker en Vet Gert se John Deere-trekker."

Obama sug. "Koos, ek het 16,000 tenks en 14,000 gepantserde troepedraers. En ek het my weermag nou tot 1,5 miljoen vergroot."

"Liewe erdvark!" sê Koos. "Ek sal weer bel."

Die volgende dag maak hy so. "Barack, ou Swaer, die oorlog is aan. Ons het nou 'n lugmag. Ons het Dik Doep se Cessna gemodifiseer en twee gewere op hom gemonteer. En vier ouens van Virginia se hengelklub het by ons troepe aangesluit."

"Koos," sê Obama, "ons het 10,000 bomwerpers en 20,000 vegvliegtuie. My militêre kompleks word beskerm deur lasergeleide grond-tot-lug missiele. En my weermag is nou 2 miljoen sterk."

"Slaat my met 'n nat snoek, en smeer jêem onder my arms! Ek moet jou terugbel."

Die volgende dag bel hy weer. "Jis, jis, ou Biebap. Ek is jammer om jou mee te deel dat ons die oorlog afgelas het."

"Wel, Koos, hoekom het julle so skielik van plan verander?"

"Wel," sê Koos. "Ons het 'n lang vergadering oor Klippies en Coke gehou, en besluit met die slegte mielie-oes is daar geen manier waarop ons 2 miljoen krygsgevangenes sal kan voer nie."



AMERIKA IN 1913

Petrol vir motors is net in apteke verkoop.

Net 14% van huise het 'n bad gehad, en 8% had telefone.

Daar was net 8,000 motors, 144 myl se geteerde paaie en die spoedperk in die meeste stede was 10 m.p.u.

Frankryk se Eiffeltoring was die hoogste struktuur in die wêreld.

Las Vegas se bevolking was 30.

Daar was net 45 sterretjies op die vlag.

Twee uit elke 10 volwassenes kon lees of skryf.

Dagga, heroïen en morfien kon oor die toonbank gekoop word by apteke.

Vadersdag en Moedersdag het nog nie bestaan nie.

Blokkiesraaisels, bier in kannetjies en ystee het nog nie bestaan nie.

Mans se gemiddelde lewensverwagting was 47 jaar.

Duskantlander in Anderkantland

Moord op die SA Agulhas

Deur GERHARD DE JONG

Die SA Agulhas het verlede jaar afgetree uit die SANAP (South African National Antarctic Program). Hy word tans gebruik as 'n opleidingskip en het pas met 'n private akspedisie na die yskontinent vertrek.

Die skip is in die laat sewentiger jare te water gelaat. Ek was bevoorreg om op sy laaste vaart van Antarktika af te wees op pad terug na Suid-Afrika ná my jaar in Antarktika. Tydens die eerste vaart van die SA Agulhas in 1978 na Marion-eiland, is daar 'n moord aan boord gepleeg. Ek kan nie baie detail daarvan kry nie, maar die oorledene is met 'n brandbestrydingsbyl doodgekap.

Dit is wat die mense op die skip my vertel, en jy kan ook sien dat die byl al gewerk het. Die hoofverdagte het 'n paar dae later van die skip verdwyn en tot vandag toe is daar onsekerheid oor wat gebeur het nie, en dié wat weet wil nie praat nie.

Die skip was in die middel van die oseaan. Niemand weet of die verdagte oorboord gespring het, en of hy dalk so 'n bietjie hulp gekry het om oorboord te gaan nie. Dit was die laaste sien van hom. Hy het nooit weer land gesien nie, of dalk het hy? Die byl is skoongemaak en terug geplaas teen die muur, waar dit vandag nog is.

As iemand op 'n skip 'n reguit rye spore loop, weet jy hy is dronk.

Drank was by jou kajuit afgelewer, soveel jy wou hê. Jy teken net in die boek en betaal later. Deesdae is dit heel anders. Die kroeg is net saans oop, en geen drank word in die kajuite toegelaat nie. Hoeveel daar gesmokkel word, weet ek nie. Op die skip loop almal twee rye spore weens die seetoestande. As iemand reguit loop, weet jy dat daardie persoon lekker getrek is. Heel anders as op land, daar is dit die teenoorgestelde.

Die tweede moord waarvan ek weet was hier naby Gough-eiland. Die manne op die skip het glo 'n paar drankies geniet en stry gekry. 'n Man is met 'n mes in die nek en bors gesteek en is dood op die skip. Daar was twee verdagtes, en sover ek weet is hulle nog op vrye voet. En toe besluit die kaptein, genoeg is genoeg. Die gesuipery op die skip moet ent kry. Dit het maar net ondergronds gegaan.

Drank in die SA Agulhas se kroeg is baie goedkoop omdat daar nie belasting op die drank gehef word nie. Dit kos R3 vir 'n sopie Vodka en R6-iets vir enige bier van jou keuse. Die kroeg sluit saans om 10 uur. Net voor die kroeg sluit, koop almal drank vir 'n vale om hulle deur te sien vir die res van die aand en vir vroegmôre se babelas.

Ek is nie 'n regskenner nie. Ek wonder maar net watter regstelsel geld hier op Gough-eiland. Die eiland behoort aan die Britte en word deur Suid-Afrika gebruik vir weerwaarnemings volgens een of ander ooreenkoms. So watter regstelsel geld hier? Die Britse reg of die Suid-Afrikaanse reg? Die *bottom line* is dat mense hier met moord wegkom.

'n Laaste woordjie. Daar word altyd na 'n skip of 'n motorkar verwys as vroulik, en na 'n donkiekar as manlik. Soos ek verstaan, is dit omdat 'n donkiekar 'n disselboom het.

► Gerard verrig tans diens op Gough-eiland.

BAIE WARM

"Dis vandag net eenvoudig te warm om klere te dra," sê Koos toe hy onder die stortbad uitkom.

"Skat, wat sal die mense sê as ek net so die gras gaan sny?"

"Hulle sal dink ek het jou vir jou geld getrou."

ONTSNAPPING

Twee ouens ontmoet mekaar by die forelwaters. "Ek is hier omdat ek wil ontsnap van die stad se geraas en gewoel en besoedeling. Ek wil die vars lug in my longe voel, die geur van die gras en bome indrink, die natuur en die stilte geniet, my oor die verbydrywende wolke en die towerkleure van die sonsondergang verwonder..."

"Ek is hier," antwoord die tweede ou, "omdat my seun leer trompet speel."

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Oorspronklike Esmé en Jan-resepte

Blikkiesvleis met 'n kinkel!

BOELIEBIEF-BOBOTIE

1 blikkie Boeliebief
3 aartappels in blokkies gesny
½ k perskeblatjang
½ k broodkrummels

2 Gerasperde uie
½ k sultanas
Klits 2-3 eiers met ¼ k melk

Meng als, gooi melk en eiermengsel oor + broodkrummels en bak tot gestol.

BOELIEBIEF-SOUTERT

1 blikkie Boeliebief
2 eiers geklits in 1 k melk
1 t mosterd
3 t bruismeel
1 gerasperde groot ui (en 500 g gesnipperde sampioene opsioneel.)
pietersielie
1 k gerasperde kaas
1 pakkie gekoopte droë (Simba) skyfies (fyngedruk vir bo-oor strooi)
Meng als, strooi skyfiekrummels bo-oor en bak tot gestol.



Die kinders ontdek 'n ou tikmasjien in die huis, en die pa moet verduidelik. Hy sit 'n vel papier in en tik. Hulle is verstom.

"Waar prop jy hom in?"

"Nee, jy prop hom nie in nie."

"Waar is sy batterye?"

"Nee, hy het nie batterye nie."

"Hel, hoekom het hulle dit nie al lankal uitgevind nie?"

STAMBOOM

Familiespeurders soek hulp

BOTHA johanritadebeer@gmail.com

My oupa, Louis Johannes Botha, was in die Anglo-Boereoorlog. Ons vermoed dat hy moontlik van Potchefstroom was.

DIPPENAAR johanritadebeer@gmail.com

My ouma was Anna Magrieta Dippenaar. Ek is nie seker van die spelling van Magrieta nie. Ek is ook Anna Magrieta de Beer, nee Botha.

DE VILLIERS rubybird@mweb.co.za

Die afstammeling van die Franse Hugenoote Jacob de Villiers.

GOUWS marietta2510@telkomsa.net

Jacobus Stephanus Gouws gebore 25 September 1883 op Willowmore en oorlede 4 Augustus 1965 op Beaufort-Wes. Getroud met Johanna Catharina Burness. Kan enigeen meer inligting voorsien. Terug voorouers se kant toe.

KOTZE johan@lifestyle35052.co.za

My oupagrootjie was Wessel Johannes, getroud met Elsie Johanna Jacoba Vollgraaff. Wil graag weet waar hulle afstammeling is.

LOUW irene.cornelissen@telkomsa.net

ROOS johanroos22@gmail.com

My oupagrootjie was Paul Jacobus Frederik Roos, gebore 14/1/1863 op Pietersburg. Hy was getroud met Maria Elizabeth Janse van Rensburg, wat die dogter was van die Boere-Kommandant van Zoutpansberg, Hendrik Christoffel Janse van Rensburg. Het enigeen meer inligting oor hom asb?

WASSENAAR vryefries@gmail.com

Ek is besig met die familiegeskiedenis van die Wassenaars wat hulle oorsprong op die plaas Grootrietpan, Middelburg, Transvaal gehad het.

AGTEROS

Net voor uitspantyd



FRIKKIE SE SELFMOORD

"Nee, o hel, dominee! Jy is veronderstel om my te help!"

Deur WESSEL EBERSOHN

"D ominee, ek is jammer om al weer te pla, maar ek het nie meer raad nie. Frikkie sit al weer hier buite onder die peperboom en dreig om homself dood te maak. Ek is raadop. Help tog asseblief."

"Lalie, kan jy hom gaan roep dat ek met hom praat?"

Dit is al die hoeveelste keer dat dominee genader word met die dat Frikkie elke nou en dan uithaak en dreig om homself om die lewe te bring. Op 'n keer het hy 'n tou om sy nek gesit en op 'n balk in die skuur gaan staan en gedreig om af te spring. 'n Ander keer het hy homself in sy kar toegesluit met 'n tuinslang aan die uitlaat gekoppel.

Dominee het elke keer gedoen wat hy moes om 'n tragedie te voorkom, maar die stomme Lalie en haar kinders se senuwees was op – hulle het nooit geweet wanneer Frikkie weer in een van sy buie sou verval nie. Eintlik het dominee al geruime tyd 'n vermoede dat Frikkie se "aanvalle" meer met simpatie en aandag soek te doen gehad het as met 'n rêrige doodswens, want al sy "pogings" was só beplan dat iemand op hom moes afkom voordat dit te laat is.

Dominee het met Frikkie gesels en vir hom gesê hy sal 'n draai op die plaas kom maak. Daar gekom, kry hy vir Frikkie op 'n stoel onder die peperboom. Hy gaan kry vir hom ook 'n stoel in die kombuis en sê vir Lalie en die kinders dat hulle vir hom en Frikkie alleen moet laat, asseblief. Hy sit sy stoel reg voor Frikkie neer en vra hom wat dan nou weer fout is.

Frikkie begin met 'n hees, bewerige stemmetjie praat en vertel vir dominee presies hoe sleg hy wat Frikkie is, nou regtig is en dat hy nie so kan aangaan nie. Hy sê hy is nie sy vrou en kinders werd nie en beteken ook niks vir die gemeenskap nie.

Dominee het doodstil gesit en luister en sy kop 'n paar keer instemmend geknik.

"Tja, Frikkie, dis waar wat jy sê, jy het regtig 'n oorlas vir jou gesin en die gemeenskap geword, dit lyk nie asof jy ooit gaan herstel nie, nê. Ek dink jy is reg, dit sal maar beter wees as jy gaan."

"Dominee? Hoe bedoel dominee dan nou?" vra Frikkie met skrik in sy oë.

"Broer, ek het so gedink. Jy sukkel nou al so lank sonder sukses om 'n einde aan jou lewe te maak, miskien het jy hulp nodig. Ek het hierdie pistool gebring om jou te help."

Frikkie word waswit en deins weg toe dominee die pistool uithaal en na hom toe uithou.

"Nee, o hel dominee, jy is veronderstel om my te help," skor hy dit uit en skuifel 'n paar treë agteruit.

"Maar ek is mos nou besig om jou te help, broer. As jy nie kans sien om dit self te doen nie, kan ek maar die joppie vir jou doen," en dominee mik-mik na Frikkie se kop.

"NEE,! NEE,! " Gil Frikkie en spring op en sit die stukke in huis toe.

Dominee het die speel pistool wat hy by sy seun geleen het in sy sak teruggesit en verder met Frikkie gaan gesels, wat erken het dat hy 'miskien so 'n bietjie' aangesit het met sy selfmoordpraatjies.

"Soms is dit nodig om bietjie *reverse psychology* toe te pas," het dominee later vir Lalie gesê.

Frikkie het nooit weer probeer selfmoord pleeg nie.

Daar's nog 'n KAMMANUUS op 25 Februarie